Het lied ‘Die donker’ uit Zuid-Afrika door het Stellenbosch University Choir is weer een prachtig stukje corona-muziek!

https://www.youtube.com/watch?v=eAUVbUl24eM&feature=youtu.be&fbclid=IwAR0Q2ZLLO6tIw-F9PLoNSG38GEILURDz2CvlzkOu8xdpB8_gV0j66lF16Xk

De tekst:

*DIE DONKER*

*In die donker gang is ñ lig wat skyn Maar die vlam is delikaat en fyn En ek het verlang na die lentetyd Op my oom se plaas sonder elektrisiteit My tannie sê, “My kind, my kind, Die liefde en die motte is blind Die vlam is delikaat en fyn En dit kan soos n dief in die donker nag verdwyn.” Diep in die donker gang het ek na iets verlang Het ek die wind hoor sing, “Lente sal liefde bring” Het ek die dag hoor kwyn Dis net die son wat nou verdwyn En soos die aarde draai sal ñ haan weer kraai Laat een aand word die nag soos dag Soos die storm bars met al sy krag En ek het in die gang weggekruip, Want ek was so bang vir die elektrisiteit*
*Diep in die donker gang het ek na iets verlang Ek het die wind hoor sing “Lente sal liefde bring” Ek het die dag hoor kwyn Dis net die son wat nou verdwyn En soos die aarde draai sal ñ haan weer kraai As die donker my kom haal en die Here my nie soek nie As die osoonlaag vergaan en in ñ kandelaar van sterre val Begrawe my hart op Klein Tambotieboom En strooi my as oor die bosveld horison As die donker my kom haal en die Here my nie soek nie As die osoonlaag vergaan en in ñ kandelaar van sterre val Begrawe my hart op Klein Tambotieboom En strooi my as oor die bosveld horison.*